choosing LIFE

# In the midst of dark desires

Die volgende dag was Johannes weer op sy pos. Twee van sy volgelinge was saam met hom daar. Jesus stap toe daar verby. Johannes het Hom gesien en gesê: "Kyk mooi! Hy is die Offerlam van God!" Die twee volgelinge van Johannes het hom dit hoor sê en is agter Jesus aan. Jesus kyk toe om. "Wie soek julle?" vra Hy vir hulle. "Rabbi, waar bly U?" vra hulle. (Terloops, "rabbi" beteken "onderwyser".) "Kom saam en kom kyk," nooi Jesus hulle toe uit. So het dit gekom dat hulle saam is om te gaan kyk waar Hy bly. Dit was egter al laatmiddag en die son het begin water trek, met die gevolg dat die twee kuiergaste toe sommer die nag daar oorgebly het.

Johannes 1:35-39 Die Boodskap

"Julle ken ook die volgende wet: 'Moenie by iemand slaap met wie jy nie getroud is nie.' "Ek sê egter vandag vir julle dat slegte begeertes reeds in 'n mens se kop begin, nie in dit wat 'n mens doen nie. As jy byvoorbeeld op so 'n manier na 'n ander vrou kyk dat jy haar in jou gedagtes seksueel begeer, het jy eintlik al klaar by haar geslaap. En dan het jy God se voorskrif oortree.

"Moenie dink dis maklik om te doen wat God vra nie. Nee, as jy wil doen wat Hy sê, is dit net so moeilik soos om een van jou ledemate af te kap. Jy moet as't ware jou oog uitpluk as jy agterkom dat jy op 'n verkeerde manier na iemand anders kyk. Leef eerder met net een oog, al is dit hoe swaar.

Al daardie verkeerde gedagtes gaan in elk geval net maak dat jy in die hel beland. En wat help twee gesonde oë jou daar? "Kap dadelik jou hand af as jy agterkom dat jy dinge doen waarvan God niks hou nie. Leef liewer met net een hand, hoe moeilik dit ook al is, as om te doen wat jy wil. Onthou: sulke verkeerde dade gaan nog maak dat jy in die hel beland. En wat help twee gesonde hande jou in die hel?"

Matteus 5:27-30 Die Boodskap

**Ek word 'n dader van die Woord deur ...**

Vir persoonlike gebed, gesprek, nagmaal of stiltetyd, besoek gerus die Klipkerk na afloop van die diens.